

BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 19

Die spreek in tale kom voor in drie boeke van die Bybel, naamlik: Markus 16:17; Handeling 2, 10 en 19 asook 1 Korintiërs 12-14. Ons kyk in besonder na 1 Korintiërs 12-14 omdat dit hier gaan oor die tale in die kerk.

Die volgende riglyne is belangrik wanneer ons die spreek in tale beter wil verstaan:

- ◆ In 1 Korintiërs 12 behandel Paulus die gawes in die algemeen. Hy verduidelik hoe hulle ontvang word en hoe God hulle in die kerk vestig.
- ◆ In hoofstuk 13 beskryf Paulus die wyse waarop elke gawe beoefen moet word, naamlik met liefde.
- ◆ In hoofstuk 14 speel hy die gawe van profesie en die spreek in tale teenoor mekaar af. Die spreek in tale is ondergeskik aan die gawe van profesie. Daarmee saam gee hy ook riglyne vir die regte gebruik van spreek in tale en die uitlê daarvan.
- ◆ Die Griekse woord wat vir tale gebruik word, is *glossã* en beteken tong of tale. Dit is baie belangrik om te verstaan dat die “ongewone” wat elke keer bygevoeg word in die 1983 vertaling, nie in die oorspronklike Griekse teks voorkom nie.

DIE GAWE VAN SPREEK IN TALE.

1. LEES 1 Korintiërs 12:30 en 13:1 [die 1983 vertaling en die 1953 vertaling].
 - Verskil die twee vertalings van mekaar wat 1 Korintiërs 12:30 betref?
 - Die gawe om in tale te spreek, rus vir die charismatiese groepe baie sterk op 1 Korintiërs 13:1. Hier word genoem dat 'n gelowige met die liefde, ook die tale van engele kan praat [’n hemelse taal]. Maar wat bedoel Paulus met hierdie vers?

2. LEES Lukas 1:11-20; 26-37 en 2:8-14.
 Praat die engele hier menslike taal of engele taal? Praat die Bybel iewers van ‘n taal wat deur engele gepraat word?

3. LEES Handeling 2:4,6.

Na die uitstorting van die Heilige Gees word daar in tale gepraat. Was dit reeds bestaande tale of nie?

4. LEES 1 Korintiërs 14:2,4,5,18,19 [1983, 1953 vertaling. King James Version].
Hoe word hierdie verse [wat die tale betref] deur die verskillende Bybels vertaal?
Hoe moet ons dit verklaar?

Maar indien dit waar is dat die spreek in tale waarvan 1 Korintiërs 12-14 praat verwys na gewone en bekende tale, watter bewyse het ons dat dit waar is? 1 Korintiërs 14 self gee aan ons twee gronde.

5. LEES 1 Korintiërs 14:13,27.
In vers 13 en 27 word gepraat van die gawe om 'n vreemde taal te kan *uitlê*. Die Griekse woord wat vir uitlê gebruik word, is hermeneuō. Dit beteken letterlik om te vertaal en kan slegs gebruik word vir die vertaling van 'n bestaande taal.

Indien u vers 13 en 27 moet vertaal, sal u “uitlê” gebruik of vertaal? Waarom?

6. LEES 1 Korintiërs 14:21-22.
Wie is die volk met wie die Here hier praat?

7. Hoe moet ons 1 Korintiërs 14:21-22 verstaan?

8. LEES 1 Korintiërs 14:12; 14:4 en 1 Petrus 4:10.

Spreek in tale of profesie? Waarom?

9. LEES 1 Korintiërs 13:8.

Wat gebeur volgens hierdie vers met die spreek in tale?

B. ANTWOORDE.

1. Die 1983 vertaling praat van *ongewone* tale of *klanke* maar die 1953 vertaling praat heel korrek net van tale. In die oorspronklike Griekse teks kom net tale voor.

Om Paulus se bedoeling met 1 Korintiërs 13:1 reg te verstaan, moet ons kyk na die vorm van die werkwoorde in die gedeelte asook in verse 2-3. Indien Paulus wil aantoon dat ons werklik die tale van engele kan praat, sal die werkwoorde in die indikatiefvorm staan. Al die werkwoorde se vorm is egter gerig op iets wat onwerklik is [subjektiewe vorm]. Paulus stel met ander woorde 'n hipotese: selfs al was dit moontlik om die tale van engele te praat [wat nie moontlik is nie], sal dit sonder die liefde niks beteken nie. Daarom kan 1 Korintiërs 13:1 nie gebruik word as bewys dat Paulus een of ander hemelse taal voorskryf nie.

2. Die engele praat menslike taal. Nêrens in die Bybel word melding gemaak van die taal van engele in die hemel nie.

3. Hier praat die dissipels in kenbare tale van die tyd. 15 Verskillende tale word genoem [8-11]. Die opvallende is dat die Griekse woord *dialektos* [dialek] ook hier gebruik word. Ongelowiges het daarom die evangelie in hulle eie taal en dialek gehoor. Vir die woord tale word die Griekse woord *glossã* gebruik – dieselfde as in 1 Korintiërs 12-14.

4. Die 1983 vertaling: ongewone tale of klanke.

Die 1953 vertaling: wat in 'n taal spreek;

wat in tale spreek.

King James Version: 'n onbekende taal.

Die charismatiese groepe verwys veral na die King James vertaling om aan te toon dat die spreek in tale van 1 Korintiërs 12-14, nie 'n taal van hierdie wêreld is nie. In die King James Version staan die “onbekende” egter in italic om aan

te toon dat dit nie in die oorspronklike teks voorkom nie. Dit is deur die vertalers bygevoeg.

Maar watter woord word konsekwent in die Griekse teks vir tale gebruik? Die Griekse woord glossã wat tong of taal beteken. Dit is dieselfde woord wat vir tale gebruik is in Handeling 2.

5. Ek sal 'vertaal' gebruik en wel om twee redes:
 - Dit is die betekenis van die Griekse woord.
 - Dit verwys heel korrek na 'n reeds bestaande taal wat vertaal moet word en nie na 'n gebrabbel van woorde nie.
6. Paulus verwys hier na Jesaja 28:11-12. In 1 Korintiërs 14:21-22 praat God met die ongelowige Israel.
7. Paulus verduidelik hier aan die ongelowige Israel, dat God sy evangelie in heidense tale sal verkondig. Wanneer Israel dit hoor, sal hulle weet dat die profesie waar geword het. So is die gebruik van vreemde tale 'n teken vir ongelowiges. Om 'n sinvolle teken te wees, kan die vreemde tale nie maar 'n gebrabbel van klanke wees nie. Dit moet 'n bestaande vreemde taal wees wat gepraat en in die diens vertaal word. Dit sal die ongelowiges beïndruk.
8. Profesie. Profesie bou die gemeente op terwyl spreek in tale net gerig is op die persoon self.
9. Die spreek in tale sal ophou. Die Griekse woord [pauō] sê dat dit permanent sal verdwyn.
